OOSTELIKE SINODE

'n Familievergadering word gedefinieer as 'n byeenkoms van familielede, waar belangrike goed wat die hele familie raak, bespreek word. Familievergaderings word allerweë beskou as 'n belangrike hulpmiddel vir families om kommunikasie en gehegtheid tussen familielede te bevorder. In sulke vergaderings los familielede konflik op of neem hulle belangrike besluite, bv. waar die volgende vakansie moet wees, of watter nuwe taak of verantwoordelikheid aandag moet kry in die huishouding.

Kenners op die terrein van die familielewe erken dat familievergaderings soms foutlyne in families kan bloot lê wat verskille uitwys en selfs konflik kan genereer. Nieteenstaande die moontlikheid van spanning, bly familievergaderings steeds 'n belangrike hulpmiddel om gesonde families te bou en instand te hou.

Volgende week is dit tyd vir Oostelike Sinode se familievergadering as ons saam in gesprek tree oor ons gesamentlike werksaamhede en die impak daarvan in ons Sinode. Ons gaan tyd spandeer om ons familiebande te versterk deur positiewe verhoudingsbou en kommunikasie. Ons sal saam droom en saam bid oor die teenwoordigheid van Christus soos beliggaam in die lewe van ons gemeentes. Vir my is dit 'n eerste familiebyeenkoms in die Oostelike Sinode. Ek sien met verwagting daarna uit om dit te beleef.

In 1979, met die afstigting van die Oostelike sinode, is 1 Kor. 16 as deel van 'n boodskap aan gemeentes gestuur:

Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk!
Laat alles by julle in liefde geskied. (1 Kor 16:13,14)

Mag ons saam, biddend, op weg gaan in ons familievergadering met geloof en liefde, soda ons saam-wees die eer van die Here en die uitbou van Sy Koninkryk in ons sinodale gebied bevorder.

Johan Botha

GEMEENTES EN LERAARS

Beroep:

Stephan Naudé, van NG gemeente Riviersonderend, is as medeleraar na Doornkloof gemeente beroep en het dit aanvaar met ingang 1 November 2024.

Sterfte:

Willie Pretorius, afgetrede kapelaan van Bronkhorstspruit gevangenisdiens, is op 23 September oorlede. Ons innige simpatie aan familie en vriende.

Vreugde:

Christian en Cherise Oberholzer van Elarduspark gemeente het op 11 September ‘n seun, Cody, ryker geword. Hartlik geluk!

PREDIKANTEKONFERENSIE 9-12 Junie 2025

Vanaf **9-12 Junie 2025** is dit weer Predikantekonferensie! Gemeentes word gevra om self die verblyf in die **Skukuza kamp** te bespreek. Dit maak die administrasie net baie makliker.

Teken solank die datum aan en doen **vroegtydig** besprekings op Sanparke se webblad.

CMR GROET DIREKTEUR EN SENIOR BESTUURDER

Henda van d Direkteur) verlaat na 16 jaar en 8 maande diens die CMR aan die e van Desember 2024. Sy was verantwoordelik vir die bestuur en fasilitering van alle organisasie funksies van CMR Gauteng-Oos.

Dina Bosch (Senior Bestuurder) verlaat na twee dekades van diens die CMR aan die einde van November 2024 . Sy het diep spore getrap in ‘n groot area wat gestrek het van Silverton / Meyerspark tot by Bronkhorstspruit.

Ten spyte van ‘n uitdagende termyn veral ten opsigte van staatsubsidies, kon beide hierdie dames bydra tot die effektiewe hantering van alle uitdagings. Hulle los voorwaar ‘n groot nalatenskap. Dina beplan ‘n welverdiende aftrede te George en Henda wil graag reis en ons land nog beter verken.

Ons deel graag in die volgende Familienuus meer inligting oor die nuwe aanstellings asook veranderingE wat op Raadsvlak plaasgevind het. Ons bid Henda en Dina die Here se seën toe met hulle aftrede.

SENIOR-EKSPO | 25 OKTOBER 2024 | 09:00 - 17:30 | “‘n Ekspo met ‘n verskil”

NG Gemeente Lux Mundi, Florisstraat 685, Garsfontein, Pretoria

Senior-Ekspo 2024 is in baie opsigte ‘n unieke onderneming. Dertig organisasies in en om Pretoria het saamgespan om ‘n uitstalling van alles wat vir senior Suid-Afrikaners van belang is, aan te bied. ‘n Dag van vrolikheid, propvol inligting, vir al drie geslagte - vanaf oupa en ouma, pa en ma tot al die kleinkinders - met musiek, interessante sprekers, vermaak vir oud en jonk en heerlike eetgoed.

Alles wat seniors en hul kinders wil weet van mediese versorging, oog- en gehoorprobleme, behuising, regshulp, stokperdjies, boeke en tydskrifte, slimfone en rekenaars tot en met finansiële dienste en begrafnisaangeleenthede sal by die groot getal stalletjies uitgevind kan word. Vir die kleinkinders, wat vir die pret saamkom, sal daar net soveel vermaak wees - van rekenaarspeletjies tot ‘n springkasteel! Kom en gaan nes jou pas!

Oggendprogram: ‘n Spesiale “High Tea”-glansgeleentheid
Lux Mundi-kerksaal | R100pp |Kontak Susan Burger susan.burger04@gmail.com / 074 890 1531
09:30 - Opening.
09:40 - Blouwillem Theron.
10:10 - Verversings en inligting van hoofborge (AVBOB en Finbond).
10:30 - Voormalige burgermeester van Tshwane, Cillers Brink.
11:00 - Spesiale optrede deur die gewilde sanger Jannie du Toit.
12:00 - 14:30 Besoek stalletjies en geniet heerlike eetgoed.

Middagprogram: Interessante sprekers en musiek vir al drie geslagte

Groot tent |
14:30 - Verwelkoming.
14:40 - Prof Stephan Joubert: Jonk en oud in die Bybel - en vandag.
15:30 - Koor van die Laerskool Elarduspark.
16:00 - Dr Karel Prinsloo (Gryskrag/Plus50)
16:05 - Dr Johan Coetzee: Oudword se *****
16:20 - Koor van die Laerskool Garsfontein.
16:40 - Die Pretoriase sanggroep “ABBA”.
17:30 - Afsluiting.

Borge wat die Ekspo moontlik maak: AVBOB, Finbond, Gryskrag, Lux Mundi en Helpende Hand.

Ons boere in ons eie geloofsfamilie se area word die laaste paar weke deur brande geteister. Sommige boere het al soveel verliese ervaar. Daarom vat die Oostelike Sinode hande met TLU SA se Traumafonds. Vanuit hierdie fonds word boere wat deur vernietigende brande geraak is, finansieël ondersteun. Die impak van hierdie brande het ‘n langtermyn invloed op ons boere en uiteindelik ons voedselketting. Kom ons ondersteun ons boere en bid ook vir hulle. Gemeentes word gevra om as die Here dit op die gemeente se hart lê, 'n bydrae te maak en ook spesiaal in te tree vir ons boere.

DONASIES VIA DIE ARTIKEL 18A REGISTRASIE
SINOOSSEEN is ‘n geregistreerde Artikel 18A-fonds. Individue en besighede kan dus 'n belasting-kwitansie aanvra. Hierdie donasies moet direk in die rekening van die SOS-fonds inbetaal word met die nodige verwysing van naam, selfoon en e-posadres. Stuur bewys van betaling na finans@sinoos.co.za sodat ons die 18A-kwitansie kan stuur.

BANKBESONDERHEDE
ABSA Tjek | Rekeningnaam: SINOOS SEEN | Rekeningnommer: 409 6502 989
Verwysing "BOERE"

KURSUSSE EN GELEENTHEDE

KERKWEES 200: Herdenk - hervorm - hoop

Kom reflekteer saam oor die werksaamhede van die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) oor die afgelope tweehonderd jaar.

Kerkwees 200 video

Kliek hier om te registreer

OOR ONS GELOOFSVERHOUDINGE

Woensdag 16 Oktober 2024 | R250 | 10 VBO punte

'n Opwindende webinaar vanuit die sistematiese teologie oor ons geloofsverhoudinge met God en sin van die lewe. Aangebied deur prof Danie Veldsman.

Kliek hier vir meer inligting en om in te skryf

INLIGTINGSESSIE: Nuwe Aanlyn Opleidingsprogram vir Bedienaars en Gelowiges

DONDERDAG 17 OKTOBER 2024 | 18:00 - 20:00 | ZOOM

Is jy passievol oor bediening in jou gemeente, wil jy jou roeping laat groei, of in jou geloof belê? Hugenote Kollege is opgewonde om die bekendstelling van die herontwerpte, aanlyn teologiese opleidingsprogram aan te kondig. Hierdie program is daarop gemik om gelowiges toe te rus met die vaardighede om bedienaars te word. Die program maak dit moontlik vir gelowiges wat die Here wil dien, om hul roeping te verdiep deur gehalte opleiding. Die program is ook ontwerp vir gelowiges wat gewoon net hul eie dissipelskap wil verdiep deur nuwe vaardighede aan te leer. Areas van formasie sluit in:

- Verkondiging van die Woord
- Missionale Leierskap

- Jeug en Familie
- Gemeenskapsdiakonaat
- Pastorale Sorg

Of jy reeds by 'n bediening betrokke is en of voel dat jy geroep is om jou geloof te verdiep, bied hierdie program 'n omvattende teologiese opleiding met praktiese toepassings wat jou sal voorberei om met vertroue te dien.
Sluit by aan by die aanlyn inligtingsessie om meer te leer oor die kurrikulum, struktuur en hoe hierdie program jou in jou bediening kan bemagtig.

Kliek hier om te registreer

Vir navrae kontak ds. Jaco Botha

Kliek hier vir meer inligting en om in te skryf

ANGS AS DIE NUWE 'DEPRESSIE'

Dinsdag 12 November 2024 | R250 | 5 VBO punte; 5 CPSC punte; 5x AFM PCD punte

Angs is al beskryf as die 'amptelike emosie van ons eeu'. Waar depressie eers bo-aan die lys was in terme van geestesgesondheid versteurings, het angs dit nou vervang en word dit selfs beskryf as epidemies. Maak seker om in te skryf vir hierdie relevante ZOOM pastorale beradingskursus.

Kliek hier vir meer inligting

UNIEKE EEN-JAAR KURSUS

IN NARRATIEWE MISSIONALE PASTORALE OPLEIDING, BERADING EN GEMEENSKAPSDIENS

Vir predikante, maatskaplike werkers, studente, onderwysers en enige passievolle person wat wil spesialiseer in berading, persoonlike verryking en gemeenskapsdiens. Slegs 30 plekke per kursus.

Kliek hier vir meer inligting

Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **1 - 15 Oktober** verjaar.

EMERITI

2 Oktober Erik Brits
5 Oktober Freek Swanepoel
7 Oktober Wentzel Coetzer
7 Oktober Andre Fitzgerald
9 Oktober Theo Maré
9 Oktober Frans Steenkamp
13 Oktober Marius van Rooyen

PREDIKANTE

1 Oktober Tielman Roux
5 Oktober Neels Marais

GEMEENTES

3 Oktober Pierre van Ryneveld 3/10/1984 (40)
4 Oktober Hendrina 4/10/1916 (108)
8 Oktober Chrissiesmeer 8/10/1927 (97)
13 Oktober Bronkhorstspruit 13/10/1905 (119)

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Onthou om die inligting op ons webwerf te benut. Die nuutste inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer is beskikbaar.

Ons webtuiste